## DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS

## NOTICE 28 OF 2020

public works & infrastructure
Department: Public Works and Infrastructure
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AGRÉMENT SOUTH AFRICA
innovative construction product assessments

**ADVERTISEMENT:**

**Call for applications for members to serve on the Board of Agrément South Africa. Applicants who have applied previously may re-apply.**

The Honourable Minister of Public Works and Infrastructure, Ms. Patricia de Lille, MP, hereby invites applications from members of the public to serve on the board of Agrément South Africa (Agrément SA).

Agrément SA is a Schedule 3A State entity that reports to the Minister of Public Works and Infrastructure. The entity operates in terms of the Agrément South Africa Act, 2015 (Act No. 11 of 2015). Its core mandate is to test and certify non-standardised and innovative building materials and technologies, and to ensure the fitness-for-purpose of unconventional products and building systems with a view to supporting and promoting integrated socio-economic development in South Africa. Agrément SA is internationally acknowledged as an impartial centre for the assessment and certification of innovative construction products, systems, materials, components and processes, for which no applicable standard specifications or codes of practice exist.

**Requirements:**

Members of the Board of Agrément SA must be competent persons with experience and expertise in one or more of the following: facets of the built environment, particularly as they relate to innovation, infrastructure development, housing, quality assurance and certification; business management, finance, law or marketing; benchmarking by international standards, and technical infrastructure matters; the application of construction regulations and the enforcement thereof; as well as corporate governance, which includes human resources planning, change management and organisational development.

Board members must also have knowledge about the needs and functions of one or more of the following sectors of the construction industry: organs of state regulating the construction industry; providers of building materials and infrastructure products; relevant technical, scientific and professional institutions and associations; and relevant community-based structures, including non-governmental organisations.

**Disqualification:**

The following persons are not eligible for appointment to the Board of Agrément SA:

A person who—

(a) is not a South African citizen and ordinarily resident in the Republic;
(b) is an unrehabilitated insolvent, whose insolvency has been caused by his or her negligence or incompetence;
(c) has been employed as a consultant by Agrément SA in the past three financial years; or is a supplier or customer, has a contractual relationship with, or is a professional advisor to Agrément SA;

(d) was removed from an office of trust on account of misconduct;
(e) was convicted—
   i) in South Africa of an offence other than an offence committed prior to 27 April 1994 associated with political objectives, and sentenced to imprisonment without the option of a fine or, in the case of fraud or corruption, to a fine or imprisonment or both;
   ii) in a foreign country of an offence which is also an offence in South Africa, and sentenced to imprisonment without an option of a fine or, in the case of fraud or corruption, to a fine or imprisonment or both;
(f) was declared by a court to be mentally ill or unfit; or
(g) in terms of the Agrément South Africa Act or any Act regulating his or her profession, was found guilty of unprofessional conduct.

**Term of office:**

The term of office of Board members is three years and commences on the date of their appointment by the Minister. Individual Board members are eligible for re-appointment to the Board for one consecutive term. Shortlisted candidates will be subjected to a screening process prior to being appointed by the Minister. In pursuit of transformational objectives the Department shall, in the appointment of Board members, consider geographical representation, gender parity, and representation by persons living with disabilities.

**Application particulars:**

Applications must be in writing on a prescribed form and contain the following information:

- Full name, identity number, address and telephone numbers of the applicant.
- A motivation (not more than one page) by the applicant stating reasons why they deem themselves to the best candidate for appointment as Board member of Agrément SA.
- A Curriculum Vitae of the applicant (not more than two pages) covering the following: the applicant’s full name, ID number, race, gender, residential and postal addresses, telephone numbers, qualifications, experience, knowledge and skills, as well as the names and contact details of at least two referees.
- A certified copy, not older than six months, of the applicant's South African ID document.
- Certified copies, not older than six months, of the applicant's qualifications.

**Closing date for applications**: 14 February 2020

Applications must be sent to: The Director-General (Attention: Ms. Lungile Zondi), Department of Public Works and Infrastructure, Private Bag X65, Pretoria, 0001, or hand delivered at Reception (please deposit applications in the box marked: Applications for appointment to the Board of Agrément SA), CGO Building, corner Bosman and Madiba Streets, Pretoria. Please note that no faxed or emailed applications will be considered. If notification of an interview is not received, candidates may regard their application as unsuccessful.

Application form can be accessed online at:
http://www.publicworks.gov.za/PDFs/Application_Form_to_serve_on_the_ASA_Board.docx

Enquiries: Ms Lungile Zondi at 012 406 1896 or Mr Mpho Mashaba at 012 406 1671.

## DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE

## KENNISGEWING 28 VAN 2020

public works & infrastructure
Department: Public Works and Infrastructure
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AGRÉMENT SOUTH AFRICA
innovative construction product assessments

**ADVERTENSIE:**

**Oproep om aansoeke vir lede om te dien op die Raad van Agrément Suid-Afrika. Aansoekers wat voorheen aansoek gedoen het, kan heraansoek doen.**

Die Agbare Minister van Openbare Werke en Infrastruktuur, me. Patricia de Lille, LP, nooi hierby lede van die publiek om aansoek te doen om te dien op die Raad van Agrément Suid-Afrika (Agrément SA).

Agrément SA is 'n Bylae 3A-staatsentiteit wat verslag doen aan die Minister van Openbare Werke en Infrastruktuur. Die entiteit is werksaam ingevolge die *Agrément South Africa Act, 2015* (Wet No. 11 van 2015). Sy kernmandaat is om niegestandaardiseerde en vernuwende boumateriale en tegnologieë te toets en te sertifiseer, en die doelgeskiktheid van onkonvensionele produkte en boustelsels te verseker met die doel om geïntegreerde sosio-ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika te steun en te bevorder. Agrément SA word internasionaal erken as 'n onpartydige sentrum vir die beraming en sertifisering van vernuwende bouprodukte, -stelsels, -materiale, -komponente en -prosesse waarvoor daar nie toepaslike standaardspesifikasies of praktykkodes bestaan nie.

**Vereistes:**

Die Raadslede van Agrément SA is bevoegde persone met ervaring en kundigheid in een of meer van die volgende: bouomgewingfasette, veral soos dit betrekking het op vernuwing, infrastruktuurontwikkeling, behuising, gehalteversekering en sertifisering; sakebestuur, finansies, die reg of bemarking; normstelling deur internasionale standaarde, en tegniese infrastruktuuraangeleenthede; die toepassing van bouregulasies en die afdwinging daarvan; asook korporatiewe bestuur wat insluit mensehulpbronbeplanning, veranderingbestuur en organisatoriese ontwikkeling.

Raadslede moet ook beskik oor kennis van die behoeftes en werksaamhede van een of meer van die volgende sektore van die boubedryf: staatsorgane wat die boubedryf reguleer; die verskaffers van boumateriaal en infrastruktuurprodukte; tersaaklike tegniese, wetenskaplike en beroepsinstellings en -verenigings; en tersaaklike gemeenskapsgebaseerde strukture, ook nieregeringsorganisasies.

**Diskwalifikasie:**

Die volgende persone is nie geskik vir aanstelling op die Raad van Agrément SA nie:

'n Persoon wat—

(a) nie 'n Suid-Afrikaanse burger is en nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie;
(b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is, wie se insolvensie die gevolg is van sy of haar nalatigheid of onbevoegdheid;
(c) in die afgelope drie boekjare as 'n konsultant deur Agrément SA in diens geneem is; 'n verskaffer of 'n kliënt van Agrément SA is, 'n kontraktuele verhouding het met Agrément SA of 'n beroepsadviseur vir Agrément SA is;

(d) weens wangedrag uit 'n vertrouensamp verwyder is;
(e) skuldig bevind is—
   i) in Suid-Afrika, aan 'n misdryf, uitgesonderd 'n misdryf vóór 27 April 1994 wat met politieke oogmerke verband hou, en wat gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of, in die geval van bedrog of korrupsie, tot 'n boete of gevangenisstraf of beide 'n boete en gevangenisstraf gevonnis is;
   ii) in die buiteland, aan 'n misdryf wat ook 'n misdryf in Suid-Afrika is, en wat gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of, in die geval van bedrog of korrupsie, tot 'n boete of gevangenisstraf of beide 'n boete en gevangenisstraf gevonnis is;
(f) deur 'n hof as geestessiek of ongeskik verklaar is; of
(g) ingevolge die *Agrément South Africa Act* of enige Wet wat sy of haar beroep reguleer, skuldig bevind is aan onprofessionele gedrag.

**Ampstermyn:**

Die ampstermyn van Raadslede is drie (3) jaar en neem 'n aanvang op hulle datum van aanstelling deur die Minister. Individuele Raadslede kan heraangestel word op die Raad vir een opeenvolgende termyn. Die kandidate op die kortlys word aan keuring onderwerp voordat hulle deur die Minister aangestel word. Die Departement sal in sy aanstelling van Raadslede, ter nastrewing van transformasiedoelwitte, oorweging skenk aan geografiese verteenwoordiging, geslagsgelykheid en verteenwoordiging deur mense met gestremdhede.

**Besonderhede van aansoek:**

Aansoeke moet skriftelik gedoen word op die voorgeskrewe vorm en moet die volgende inligting bevat:

- Volle naam, ID-nommer, adres en telefoonnommers van die benoemde (aansoeker).
- 'n Motivering (hoogstens een bladsy) deur die aansoeker wat redes gee waarom hy of sy hom of haar as die beste kandidaat vir aanstelling as Raadslid van Agrément SA ag.
- 'n Kort curriculum vitae van die aansoeker (hoogstens twee bladsye) wat die volgende bevat: die aansoeker se volledige naam, ID-nommer, ras, geslag, woon- en posadres, telefoonnommers, kwalifikasies, ervaring, kennis en vaardighede, asook die name en kontakbesonderhede van minstens twee referente.
- 'n Gewaarmerkte afskrif, wat nie ouer is nie as ses maande, van die aansoeker se Suid-Afrikaanse ID-dokument.
- Gewaarmerkte afskrifte, wat nie ouer is nie as ses maande, van die aansoeker se kwalifikasies.

**Sluitingsdatum vir aansoeke**: 14 Februarie 2020

Stuur aansoeke aan: Die Direkteur-generaal (Vir aandag: Me. Lungile Zondi), Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur, Privaat Sak X65, Pretoria, 0001, of lewer dit per hand af by Ontvangs (plaas die aansoeke in 'n houer gemerk: Aansoeke vir aanstelling op die Raad van Agrément SA), CGO-gebou, hoek van Bosman- en Madibastraat, Pretoria. Let daarop dat aansoeke wat gefaks of ge-e-pos word, nie oorweeg sal word nie. Aansoekers wat nie kennis kry van 'n onderhoud nie, kan hulle aansoeke as onsuksesvol beskou.

Aansoek vorm is aanlyn verkrygbaar by:
http://www.publicworks.gov.za/PDFs/Application_Form_to_serve_on_the_ASA_Board.docx

Navrae: Me. Lungile Zondi by 012 406 1896 of Mnr. Mpho Mashaba by 012 406 1671.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**